



BKB BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)

(Registrasienuommer: 1998/012435/06)

Deel kode: 4ABKB

ISIN: ZAE400000069

("BKB" of "die Maatskappy")

RAAD VAN DIREKTEURE

G E J Kingwill (Voorsitter)*#

J E Stumpf (Besturende Direkteur)

E A Meyer (Ondervoorsitter)*#

J G Louw*#

J F Janse van Rensburg#

A S du Toit

C F Fick#

C D Hobson*#

V Pillay*#

H C Staple*#

T P Mthembu*#

J A van Niekerk

* *Onafhanklik*

Nie-uitvoerend

KENNISGEWING VAN SEWE EN TWINTIGSTE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN BKB-AANDEELHOUERS

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 62(1) van die Maatskappywet, No. 71 van 2008, soos gewysig ("**die Maatskappywet**"), dat die Sewe en Twintigste Algemene Jaarvergadering ("**Algemene Jaarvergadering**" of "**AJV**") op **Vrydag, 15 November 2024 om 14:00** by die BKB-gebou, Grahamstadweg 61, Gqeberha gehou sal word.

(Die Maatskappy vra om verskoning indien enige Aandeelhouer nie die weergawe van hierdie Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering in hul eerste taal ontvang het nie. Beide die Afrikaanse en Engelse weergawes van hierdie Kennisgewing sal ook beskikbaar gestel word vir aflaai vanaf die Maatskappy se webwerf by www.bkb.co.za.)

DOEL VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die doel van die Algemene Jaarvergadering is om die formele sake te hanteer wat op die agenda hieronder uiteengesit word:

- i. Om die geouditeerde finansiële jaarstate van die Maatskappy vir die jaar geëindig 30 Junie 2024 voor te lê, met inbegrip van die vergoedingsverslag, die verslae van die direkteure en die oudit- en risikokomitee. Die volledige finansiële jaarstate is op BKB se webwerf beskikbaar gestel by www.bkb.co.za, en kan ook persoonlik, sonder enige koste, by die geregistreerde kantore van BKB gedurende kantoorure aangevra en verkry word.
- ii. Om die gewone en spesiale besluite wat in die agenda hieronder uiteengesit word, te oorweeg en, indien goedgevind, met of sonder wysiging aan te neem.
- iii. Om enige aangeleentede wat deur die aandeelhouers van die Maatskappy geopper word, met of sonder vooraf kennisgewing aan die Maatskappy, te oorweeg.

AGENDA

Die kworumvereiste vir Gewone Resolusie Nommers 1 tot 10 (beide inklusief) en Spesiale Resolusie Nommers 1 tot 4 (albei ingesluit) is:

- *Die teenwoordigheid van minstens 3 (drie) aandeelhouers en voldoende persone teenwoordig om in totaal minstens 25% (vyf en twintig persent) van al die stemreg wat op sodanige besluit uitgeoefen moet word, uit te oefen.*
- *Ten einde die gewone resolusies te aanvaar, is die steun van meer as 50% (vyftig persent) van die stemme wat op die resolusies uitgeoefen word, nodig.*
- *Ten einde die spesiale resolusies te aanvaar, is die steun van minstens 75% (vyf en sewentig persent) van die stemme wat op die resolusies uitgeoefen word, nodig.*

GEWONE BESLUIE

1. HERAANSTELLING VAN EKSTERNE OUDITEUR

Gewone Besluit Nommer 1

Besluit dat, die heraanstelling van PricewaterhouseCoopers Inc, wat onafhanklik van die Maatskappy is, op aanbeveling van die audit- en risikokomitee van die Maatskappy, as die Maatskappy se eksterne ouditeur goedgekeur word. Dit word genotuleer dat mev. S Williams die individuele geregistreerde ouditeur is wat die audit vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025 sal onderneem.

Die rede vir Gewone Besluit Nommer 1 is dat die Maatskappy, as 'n publieke maatskappy, sy finansiële jaarstate deur 'n ouditeur moet laat audit en sodanige ouditeur moet, na gelang van die geval, op elke algemene jaarvergadering van die Maatskappy aangestel of heraan gestel word soos vereis deur die Maatskappywet.

2. HERAANSTELLING VAN LID VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE VAN DIE MAATSKAPPY

Gewone Besluit Nommer 2

Besluit dat, mnr. E A Meyer, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, hiermee as 'n lid van die Maatskappy se audit- en risikokomitee vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2025 heraan gestel word.

3. HERAANSTELLING VAN LID VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE VAN DIE MAATSKAPPY

Gewone Besluit Nommer 3

Besluit dat, mnr. H C Staple, onderworpe aan die bevestiging van sy heraanstelling as 'n direkteur van die Maatskappy ingevolge Gewone Besluit Nommer 6, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, hiermee heraan gestel word as lid van die Maatskappy se audit- en risikokomitee vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025.

4. HERAANSTELLING VAN LID VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE VAN DIE MAATSKAPPY

Gewone Besluit Nommer 4

Besluit dat, mnr. J G Louw, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, hiermee heraan gestel word as lid van die Maatskappy se audit- en risikokomitee vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025.

5. HERAANSTELLING VAN LID VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE VAN DIE MAATSKAPPY

Gewone Besluit Nommer 5

Besluit dat, mnr. J F Janse van Rensburg, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, hiermee heraan gestel word as lid van die Maatskappy se audit- en risikokomitee vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025.

Die rede vir Gewone Besluite Nommers 2 tot en met 5 is dat die Maatskappy, as 'n publieke maatskappy, 'n ouditkomitee moet aanstel, en die Maatskappywet vereis dat die lede van sodanige ouditkomitee by elke algemene jaarvergadering van 'n maatskappy aangestel of heraan gestel word, na gelang van die geval.

Bykomende inligting met betrekking tot Gewone Besluit Nommers 2 tot en met 5

Die direkteure bedoel in Gewone Besluit Nommers 2 tot en met 5 (ingesluit) het toepaslike akademiese kwalifikasies of ervaring op een of meer van die volgende gebiede, naamlik ekonomie, regte, korporatiewe bestuurstoetsig, finansies, rekeningkunde, handel of nywerheid.

Kort CV's van mnr. J F Janse van Rensburg, H C Staple, J G Louw en E A Meyer is ingesluit op bladsye 56 & 57 van die Jaarverslag 2024, wat beskikbaar is vir aflaai op BKB se webwerf by www.bkb.co.za.

6. UITTREDE EN HERVERKIESING VAN DIREKTEURE

Gewone Besluit Nommer 6

Besluit dat, mnr. H C Staple, wat volgens rotasie ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting ("Akte van Oprigting") uittree en herverkiesbaar is en hom vir herverkiesing beskikbaar stel, hiermee as 'n nie uitvoerende direkteur van die Maatskappy herverkies word.

7. AFTREDE EN HERVERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nommer 7

Besluit dat, mnr. C D Hobson, wat volgens rotasie ingevolge die Akte van Oprigting uittree en herverkiesbaar is en hom vir herverkiesing beskikbaar stel, hiermee as 'n nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy herverkies word.

'n Kort CV van mnr. C D Hobson is ingesluit op bladsy 58 van die Jaarverslag 2024, wat beskikbaar is vir aflaai op BKB se webwerf by www.bkb.co.za.

Bykomende inligting ten opsigte van Gewone Besluite nommers 6 en 7

Klousule 27.4.3.1 van die Akte van Oprigting bepaal dat een derde van die Maatskappy se nie-uitvoerende direkteure by elke algemene jaarvergadering van die Maatskappy sal aftree. Twee direkteure sal op hierdie wyse by die Algemene Jaarvergadering uittree, naamlik mnr. H C Staple en C D Hobson. In terme van Gewone Besluite Nommer 6 en 7, was mnr. H C Staple en C D Hobson die enigste nominasies wat ontvang is om hierdie vakatures te vul.

8. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nommer 8

Besluit dat, Me. T P Mthembu hiermee verkies word as 'n nie-uitvoerende direkteur van die maatskappy op grond van haar kundigheid en ervaring soos beoog in klousule 27.2.2.3 van die Akte van Oprigting.

'n Kort curriculum vitae word hieronder uiteengesit:

Me. Mthembu is 'n Geoktrooieerde Rekenmeester met meer as 16 jaar plaaslike en internasionale ondervinding gefokus op strategie, finansies, besigheidsontwikkeling, belanghebbende bestuur en leierskap in die publieke en private sektor. Sy is ook 'n ervare nie-uitvoerende direkteur en lid en voorsitter van Oudit- en Risikokomitees en dien op rade in die kort termyn versekering, aftreefondse, IKT en beleggings industrieë.

Bykomende inligting ten opsigte van Gewone Besluit Nommer 8

Klousule 27. 2. 2. 3 van die Akte van Oprigting bepaal dat twee nie-uitvoerende direkteure deur die Raad van Direkteure aangestel mag word op grond van hul kundigheid en ervaring. Me. P Mbikwana het gedurende die jaar bedank en die Raad het me. T P Mthembu aangestel in haar plek.

9. ALGEMENE MAGTIGING OM AANDELE UIT TE REIK

Gewone Besluit Nommer 9

Besluit dat, ingevolge die bepalings van klousule 6.6.2 van die Akte van Oprigting, as 'n algemene magtiging, sodanige aantal gewone aandele in die gemagtigde maar onuitgereikte aandelekapitaal van die Maatskappy wat op die datum van die Algemene Jaarvergadering 30% van die uitgereikte aandelekapitaal van die Maatskappy, minus een aandeel (wat 26 522 121 aandele beloop) verteenwoordig, hiermee onder die beheer van die Raad geplaas word tot die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy, welke aandele die Raad gemagtig is om uit te reik aan sodanige persone as wat die Raad mag goed ag en op sodanige bepalings en voorwaardes as wat die Raad goeddink, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet, die Akte van Oprigting en die noteringsvereistes van Cape Town Stock Exchange Proprietary Limited ("**CTSE**") (in soverre dit van toepassing is), en verder onderhewig aan die volgende bepalings:

- behalwe in die mate waarin hierdie algemene gesag herroep en/of gewysig is deur aandeelhouers in algemene vergadering, sal die algemene gesag geldig wees tot die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy;
- met die bepaling van die prys waarteen aandele ingevolge hierdie algemene magtiging uitgereik sal word, het die Raad die nodige magtiging om die prys te bepaal, met dien verstande dat sodanige prysbepaling in ooreenstemming met die Maatskappywet, die Akte van Oprigting en die Noteringsvereistes van CTSE ("**CTSE Noteringsvereistes**") is (in die mate wat van toepassing is).

Bykomende inligting ten opsigte van Gewone Besluit Nommer 9

Die rede vir en uitwerking van gewone besluit nommer 9 is om die Raad in staat te stel om aandele uit te reik in omstandighede wat hulle raadsaam ag.

10. KWYTSKELDING VAN DIE VEREISTE DAT DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE INLIGTING VAN DIE MAATSKAPPY DEUR DIE MAATSKAPPY SE EKSTERNE OUDITEUR NAGEGAAN MOET WORD

Gewone Besluit Nommer 10

Besluit dat, ooreenkomstig paragraaf 12.17.3 van die CTSE Noteringsvereistes, as 'n algemene mandaat, aandeelhouers hiermee (insoverre nodig) spesifiek afstand doen van die vereiste dat die tussentydse finansiële inligting van die Maatskappy vir die ses maande geëindig 31 Desember 2024 deur die Maatskappy se eksterne ouditeur nagegaan moet word, met aantekening dat die Raad se goedkeuring ten opsigte van voormelde tussentydse finansiële inligting voldoende is.

Addisionele inligting met betrekking tot Gewone Besluit Nommer 10:

Ingevolge die CTSE Noteringsvereistes moet uitreikers wat op CTSE genoteer is hul tussentydse finansiële inligting deur hul eksterne ouditeur laat nagaan, tensy aandeelhouers spesifiek van sodanige vereiste afstand doen deur 'n gewone besluit by die Algemene Jaarvergadering aan te neem.

SPESIALE BESLUIE

Om die volgende spesiale besluite te oorweeg en, indien goedgevind, met of sonder wysiging aan te neem:

11. GOEDKEURING VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE SE VERGOEDING – 2024/2025

Spesiale Besluit Nummer 1

Besluit dat, ooreenkomstig artikel 66(9) van die Maatskappywet, die volgende fooie goedgekeur word as die grondslag vir die berekening van die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2025:

	Voorgestelde fooi vir die jaar geëindig 30 Junie 2025	Foi vir die jaar geëindig 30 Junie 2024
Voorsitter van die Raad	R818 037	R818 037
Ondervoorsitter van die Raad	R528 279	R498 376
Direkteure en Oudit- en risikokomiteelede	R402 823	R370 760
Direkteure en Menslike Hulpbronne en Sosiale, Etiek en Volhoubaarheidskomiteelede	R370 071	R339 863
Direkteure en Beleggingskomiteelede	R357 321	R308 967
Voorsitter van Ouditkomitee	R528 279	R498 376
Direkteure wat nie komiteelede is nie	R337 321	R219 478

Adisionele inligting met betrekking tot Spesiale Besluit Nummer 1

Die rede vir en uitwerking van Spesiale Besluit Nummer 1 is om die grondslag vir die berekening van die vergoeding betaalbaar deur die Maatskappy aan sy nie-uitvoerende direkteure vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy vir die jaar eindigende 30 Junie 2025 goed te keur in terme van artikel 66(9) van die Maatskappywet. Die fooie betaalbaar aan die nie-uitvoerende direkteure word bereken op 'n jaarlikse fooigrondslag.

12. FINANSIËLE BYSTAND VIR DIE INTEKENING EN/OF AANKOOP VAN AANDELE IN DIE MAATSKAPPY OF 'N VERWANTE OF INTERVERWANTE MAATSKAPPY

Spesiale Besluit Nummer 2

Besluit dat, ingevolge artikel 44(3)(a)(ii) van die Maatskappywet, as 'n algemene goedkeuring, die Raad hiermee gemagtig word om goed te keur dat die Maatskappy enige direkte of indirekte finansiële bystand (“**finansiële bystand**” het hierin die betekenis wat in artikels 44(1) en 44(2) van die Maatskappywet aan sodanige term toegeken word) wat die Raad mag goed ag verleen aan enige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die Maatskappy (“**verwant**” of “**onderling verwant**” het hierin die betekenis wat in artikel 2 van die Maatskappywet aan sodanige terme toegeken word) en/of enige finansierder wat befondsing verskaf deur in te skryf op voorkeuraandele of ander sekuriteite in die Maatskappy of enige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die Maatskappy, volgens die bepalings en voorwaardes en teen bedrae wat die Raad mag bepaal vir die doeleindes van of in verband met die inskrywing op enige opsie, of enige aandele of ander sekuriteite, uitgereik of wat uitgereik staan te word deur die Maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie, of vir die koop van enige aandele of sekuriteite van die Maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie, met dien verstande dat die voormelde goedkeuring geldig bly gedurende die twee jaar periode wat in aanvang neem op die datum van hierdie spesiale besluit.

Adisionele inligting ten opsigte van Spesiale Besluit Nummer 2

Die rede vir en uitwerking van Spesiale Besluit Nummer 2 is om aan die Raad magtiging te verleen, gedurende die twee jaar periode wat in aanvang neem op die datum van hierdie spesiale besluit, om finansiële bystand te verleen aan enige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie van die Maatskappy, en/of enige finansierder vir die doeleindes van of in verband met die inskrywing op of koop van opsies, aandele of ander sekuriteite in die Maatskappy of enige verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie. Dit beteken dat die Maatskappy onder meer gemagtig word om lenings aan sy filiale toe te staan en om waarborg te verleen en sekuriteite te verskaf vir die skuld van sy filiale waar sodanige finansiële bystand direk of indirek verband hou met 'n party wat op opsies, aandele of sekuriteite in die Maatskappy of sy filiale inskryf.

'n Tipiese voorbeeld van waar die Maatskappy op hierdie magtiging kan staatmaak, is waar 'n filiaal fondse verkry deur voorkeuraandele uit te reik en die derdeparty-befondser vereis dat die Maatskappy by wyse van 'n waarborg of andersins sekuriteit verskaf ten opsigte van die verpligtinge van sy filiaal teenoor die derdeparty-befondser voortspruitend uit die uitreiking van die voorkeuraandele. Die Maatskappy het geen onmiddellike planne om hierdie magtiging te gebruik nie en verkry dit bloot in belang van omsigtigheid en goeie korporatiewe bestuurtoesig indien die onvoorsiene behoefte ontstaan om die magtiging te gebruik.

13. ALGEMENE MAGTIGING OM FINANSIËLE BYSTAND TE VERLEEN AAN VERWANTE EN ONDERLING VERWANTE MAATSKAPPY EN KORPORASIES

Spesiale Besluit Nommer 3

Besluit dat, ingevolge artikel 45(3)(a)(ii) van die Maatskappywet, die aandeelhouers hiermee die Maatskappy magtig, as 'n algemene goedkeuring wat vir 'n periode van twee jaar van die datum van aanvaarding van hierdie spesiale besluit in plek sal wees, om enige direkte of indirekte finansiële bystand ("finansiële bystand" het hierin die betekenis wat in artikel 45(1) van die Maatskappywet aan sodanige term toegeken word) te verleen aan enige een of meer verwante of onderling verwante maatskappye of korporasies ("verwante" en "onderling verwante" het hierin die betekenis wat in artikel 2 van die Maatskappywet aan sodanige terme toegeken word) en/of aan enige een of meer lede van sodanige verwante of onderling verwante korporasie en/of aan enige een of meer persone verwant aan enige sodanige maatskappy of korporasie, volgens sodanige bepalings en voorwaardes as wat die Raad, of enige een of meer persone wat van tyd tot tyd deur die Raad vir sodanige doel gemagtig word, goeddink, met dien verstande dat enige sodanige finansiële bystand nie in totaal 'n bedrag van R1 000 000 000 in enige finansiële jaar oorskry nie.

Bykomende inligting ten opsigte van Spesiale Besluit Nommer 3

Die rede vir hierdie spesiale besluit is om aan die Raad die bevoegdheid te verleen om die Maatskappy te magtig om direkte of indirekte finansiële bystand soos beoog in artikel 45 van die Maatskappywet te verleen aan enige een of meer verwante of onderling verwante maatskappye of korporasies van die Maatskappy en/of aan enige een of meer lede van sodanige verwante of onderling verwante korporasie en/of aan enige een of meer persone verwant aan enige sodanige maatskappy of korporasie. In die omstandighede en om onder meer te verseker dat die Maatskappy se filiale en ander verwante en onderling verwante maatskappye en korporasies toegang het tot finansiering en/of finansiële bystand deur die Maatskappy (in plaas van slegs banke en ander derdeparty-finansierders), is dit nodig om hierdie goedkeuring by aandeelhouers te verkry.

Kennisgewing aan aandeelhouers van die Maatskappy ingevolge artikel 45(5) van die Maatskappywet van 'n besluit aangeneem deur die Raad wat die Maatskappy magtig om direkte of indirekte finansiële bystand te verleen.

- Teen die tyd dat hierdie kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering aan aandeelhouers afgelewer word, sal die Raad reeds 'n besluit aangeneem het ("**Artikel 45 Raadsbesluit**") wat die Maatskappy magtig om te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die periode wat begin op die datum waarop spesiale besluit nommer 4 aangeneem word tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy, enige direkte of indirekte finansiële bystand soos beoog in artikel 45 van die Maatskappywet aan enige een of meer verwante of onderling verwante maatskappye of korporasies van die Maatskappy en/of aan enige een of meer lede van enige sodanige verwante of onderling verwante korporasie en/of enige een of meer persone verwant aan enige sodanige maatskappy of korporasie te verleen, met dien verstande dat sodanige finansiële bystand nie in totaal in enige finansiële jaar 'n bedrag van R1 000 000 000 oorskry nie.
- Die Artikel 45 Raadsbesluit sal slegs van krag word indien en in soverre Spesiale Besluit Nommer 3 deur die aandeelhouers aangeneem word en die verlening van enige sodanige direkte of indirekte finansiële bystand deur die Maatskappy, na aanleiding van sodanige besluit, sal altyd onderhewig wees daaraan dat die Raad tevrede is dat: (i) onmiddellik na die verlening van sodanige finansiële bystand, die Maatskappy sal voldoen aan die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in artikel 45(3)(b)(i) van die Maatskappywet; en (ii) die bepalings waarkragtens sodanige finansiële bystand verleen sal word billik en redelik teenoor die Maatskappy is soos bedoel in artikel 45(3)(b)(ii) van die Maatskappywet.
- In soverre die Artikel 45 Raadsbesluit beoog dat sodanige finansiële bystand in totaal een tiende van een persent van die Maatskappy se netto waarde soos op die datum van aanvaarding van die besluit sal oorskry, gee die Maatskappy hiermee kennis van die Artikel 45 Raadsbesluit aan aandeelhouers. Sodanige kennisgewing sal ook gegee word aan enige vakbond wat werknemers van die Maatskappy verteenwoordig.

14. TERUGKOPE VAN AANDELE DEUR BKB EN SY FILIALE

Spesiale Besluit Nommer 4

Besluit dat, die Maatskappy en die filiale van die Maatskappy hiermee gemagtig word, as 'n algemene magtiging, om enige van die aandele wat deur die Maatskappy uitgereik is terug te koop volgens sodanige bepalings en voorwaardes en teen sodanige bedrae as wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal, maar onderhewig aan die bepalings van artikels 46 en 48 van die Maatskappywet, die Akte van Oprigting en die CTSE Noteringsvereistes (in soverre dit van toepassing is), onder meer insluitende dat:

- die algemene terugkoop van die aandele slegs deur die bestelboek wat deur die CTSE-verhandelingstelsel bedryf word, mag plaasvind en sonder enige vooraf verstandhouding of reëling tussen die Maatskappy en die teenparty;
- hierdie algemene magtiging slegs geldig is tot die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy, tensy dit by 'n algemene vergadering deur aandeelhouers herroep en/of gewysig word;
- die algemene magtiging om aandele terug te koop beperk word tot 'n maksimum van 5% in totaal, in enige enkele finansiële jaar, van die Maatskappy se uitgereikte aandeelkapitaal op die tydstip wat die magtiging toegestaan word;
- 'n besluit deur die Raad aangeneem is wat die terugkoop goedkeur, dat die Maatskappy en sy filiale ("**die BKB-Groep**") die solvensie- en likiditeitstoets soos omskryf in die Maatskappywet geslaag het en dat daar, sedert die solvensie- en likiditeitstoets toegepas is, geen wesenlike veranderings in die BKB-Groep se finansiële posisie was nie;
- die algemene terugkoop deur die Akte van Oprigting gemagtig word;
- met betrekking tot die prys waarteen 'n algemene terugkoop van aandele in werking gestel sal word, het die Raad die nodige magtiging om sodanige prys te bepaal; en
- die Maatskappy op enige tydstip slegs een agent kan aanstel om 'n terugkoop/terugkope namens die Maatskappy aan te gaan.

Bykomende inligting met betrekking tot Spesiale Besluit Nommer 4:

Die rede vir en uitwerking van Spesiale Besluit Nommer 4 is om ingevolge die Akte van Oprigting en die CTSE Noteringsvereistes (in soverre dit van toepassing is) aan die Raad 'n algemene magtiging te verleen vir die terugkoop deur die Maatskappy of deur 'n filiaal van die Maatskappy van aandele wat deur die Maatskappy uitgereik is, op die grondslag wat in spesiale besluit nommer 4 weerspieël word.

Die Maatskappy het geen onmiddellike planne om hierdie magtiging te gebruik nie en verkry dit bloot in belang van omsigtigheid en goeie korporatiewe bestuurtoesig indien die onvoorsiene behoefte ontstaan om die magtiging te gebruik. Ingevolge artikel 48(2)(b) (i) van die Maatskappywet mag filiale nie meer as 10% in totaal van die uitgereikte aandele van hulle houermaatskappy besit nie.

Om twyfel uit die weg te ruim, sal 'n proporsionele terugkoop deur die Maatskappy vanaf al sy aandeelhouders nie aandeelhouergoedkeuring vereis nie, behalwe in soverre dit deur die Maatskappywet vereis mag word.

15. VERSLAG DEUR DIE SOSIALE, ETIESE EN VOLHOUBAARHEIDSKOMITEE

Die Maatskappy se Sosiale, Etiese en Volhoubaarheidskomitee se verslag wat ingesluit is in die jaarlikse finansiële state van die Maatskappy en beskikbaar is op BKB se webblad by www.bkb.co.za, sal dien as die Sosiale, Etiese en Volhoubaarheidskomitee se verslag aan die Maatskappy se aandeelhouders aangaande aangeleenthede onder sy mandaat by die Algemene Jaarvergadering. Enige spesifieke vrae aan die Komitee kan voor die Algemene Jaarvergadering aan die Maatskappysekretaris gestuur word by jo.oosthuizen@bkb.co.za.

16. OM ENIGE ANDER BESIGHEID TE ONDERNEEM WAT BY 'N ALGEMENE JAARVERGADERING ONDERNEEM KAN WORD OF DEUR AANDEELHOUDERS GEOPPER KAN WORD, MET OF SONDER VOORAF KENNISGEWING AAN DIE MAATSKAPPY

ELEKTRONIESE STEMMING AANLYN

Aandeelhouders wat in die sekuriteitsregister van die Maatskappy aangeteken is, sal geregtig wees om hul stemme elektronies uit te bring op die CTSE Register Stempotaal, vanaf die datum van die Kennisgewing van AJV tot die AJV, Dinsdag, 19 November 2024. Aanlyn stemming sal sluit sodra die laaste resoluëie waaroor gestem moet word, by die AJV voorgestel is. Stemme uitgebring deur aandeelhouders wat hul stemme voor stemrekorddatum ingedien het en wat daarna van hul sekuriteite in BKB ontslae geraak het, sal verontagsaam of gewysig word ooreenkomstig hul nuwe stemreg soos op stemrekorddatum (soos hieronder omskryf).

Alle aandeelhouders sal kan registreer en/of stem deur toegang tot die CTSE Register Stempotaal te verkry deur die volgende skakel: <https://ctserregistry.co.za> en die stappe hieronder te volg:

Aandeelhouders wat hul stemme op die CTSE Register Stempotaal uitbring en wat nie die Algemene Jaarvergadering bywoon nie, sal beskou word as stemming deur volmag, en gevolglik die voorsitter van die AJV magtig om namens elke onderskeie aandeelhouer die AJV by te woon, te praat en te stem vir doeleindes van oorweging en, indien geskik geag, met of sonder wysiging die besluite wat daarop voorgestel moet word en by elke verdaging of uitstel daarvan, aanneem en om te stem ooreenkomstig elke onderskeie aandeelhouer se stemme soos uitgeoefen op die CTSE Register Stempotaal ten opsigte van BKB-aandele wat in elke aandeelhouer se naam geregistreer is.

Stappe om aanlyn te stem:

1. Verkry toegang tot die CTSE Register Stempotaal deur die volgende skakel: <https://ctserregistry.co.za>;
2. Vul die e-pos- of selfoonnommer van die aandeelhouer in en versoek u OTP;
3. 'n OTP sal gestuur word na die selfoonnommer wat u op die vorige skerm ingevoer het, wat dan op die volgende skerm vasgelê en ingedien moet word;
4. U sal versoek word om u besonderhede in te dien of op te dateer;
5. Sodra dit voltooi is, klik op die verkiesingssoortjie aan die linkerkant van u skerm;
6. 'n Skerm met die AJV-besluite waarop u moet stem, sal oopmaak;
7. U sal "ten gunste", "Teen" of "Buite Stemming" vir elke resoluëie kan stem;
8. Maak u keuse en klik op "Dien resoluëies in".

In die geval waar aandeelhouders hul stemme wat deur die CTSE Register Stempotaal uitgebring is, wil verander of kanselleer, kan Aandeelhouders dit te enige tyd doen voordat daar oor die AJV-besluite by die AJV gestem word deur hul stem op te dateer op dieselfde wyse soos hierbo uiteengesit. Indien u enige hulp benodig om aanlyn te stem of stemme te verander of te kanselleer, kontak asseblief die CTSE-register, synde die oordragsekretaris by 011 100 8352 of per e-pos by admin@ctserregistry.co.za. Die Oordragsekretaris moet voor die aanvang van die AJV in kennis gestel word indien 'n Aandeelhouer van voorneme is om sy/haar stemme by die AJV te verander of te kanselleer. Om twyfel te vermy, sal stemme wat by die AJV verander of gekanselleer word, voorkeur geniet en alle vorige stemme wat op die CTSE Register-stempotaal ingedien is, sal as nietig beskou word.

Aandeelhouders wat enige probleme ondervind met registrasie vir die Aanlyn Stemming, moet asseblief die CTSE Register, synde die Oordragsekretaris, kontak by 011 100 8352 of per e-pos by admin@ctserregistry.co.za vir hulp om te verseker dat hulle kan stem en toegang tot die vergadering kry.

REKORD DATUMS

Rekorddatum van Kennisgewing

Die rekorddatum ingevolge artikel 59 van die Maatskappywet waarop aandeelhouers in die sekuriteiteregister van die Maatskappy geregistreer moet wees ten einde die Algemene Jaarvergadering kennisgewing te ontvang, is Vrydag, 11 Oktober 2024.

Rekorddatum van Stemming

Die rekorddatum ingevolge artikel 59 van die Maatskappywet waarop aandeelhouers in die sekuriteiteregister van die Maatskappy geregistreer moet wees ten einde die Algemene Jaarvergadering by te woon, daaraan deel te neem en daarop te stem, is Vrydag, 15 November 2024. Die laaste datum om te verhandel om te kwalifiseer om die Algemene Jaarvergadering by te woon en daarop te stem, is Dinsdag, 12 November 2024.

GOEDKEURINGS VEREIS VIR BESLUIE

Gewone besluite

Die gewone besluite vervat in hierdie kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vereis goedkeuring deur meer as 50% van die stemme uitgebring ten opsigte van die besluite deur aandeelhouers wat teenwoordig is of by volmag op die Algemene Jaarvergadering verteenwoordig word, onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet en die Akte van Oprigting.

Spesiale besluite

Die spesiale besluite vervat in hierdie kennisgewing van Algemene Jaarvergadering vereis goedkeuring deur ten minste 75% van die stemme uitgebring ten opsigte van die besluite deur aandeelhouers wat teenwoordig is of by volmag op die Algemene Jaarvergadering verteenwoordig word, onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet en die Akte van Oprigting.

BYWONING EN STEMMING DEUR AANDEELHOERS OF GEVOLMAGTIGDES

Enige aandeelhouer is geregtig om 'n gevolmagtigde(s) aan te stel om die Algemene Jaarvergadering by te woon, te praat en te stem. Die persoon aldus aangestel moet nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie. Volmagvorme moet aan die CTSE Registerlêer aangestuur word om teen nie later nie as **14:00 op Vrydag, 15 November 2024** ontvang te word (vir administrasiedoeleindes). Enige volmagvorm wat nie teen hierdie tyd aan die CTSE Registry gelewer is nie, kan aan die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering oorhandig word op enige tydstip voordat die aangestelde volmaghouer enige van die aandeelhouersregte op die Algemene Vergadering uitoefen.

By stemming deur die opsteek van hande, het elke aandeelhouer van die Maatskappy persoonlik teenwoordig of verteenwoordig deur 'n gevolmagtigde slegs een stem. By stemming per stembrief, het elke aandeelhouer van die Maatskappy een stem vir elke aandeel wat sodanige aandeelhouer in die Maatskappy besit.

BEWYS VAN IDENTIFIKASIE BENODIG

Die Maatskappywet vereis dat enige persoon wat van voorneme is om 'n aandeelhouersvergadering by te woon en daaraan deel te neem, redelik voldoende identifikasie by die vergadering moet kan voorlê. Enige aandeelhouer of gevolmagtigde wat van voorneme is om die Algemene Jaarvergadering by te woon en daaraan deel te neem, moet redelik voldoende identifikasie by die vergadering kan voorlê om die vergadering te kan bywoon en daaraan deel te neem. 'n Groen identiteitsdokument of 'n identiteitslimkaart uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Departement van Binnelandse Sake, 'n bestuurderslisensie of 'n geldige paspoort sal as voldoende identifikasie aanvaar word.

ELEKTRONIESE DEELNAME AAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Aandeelhouers word ingevolge artikel 63(3) van die Maatskappywet in kennis gestel dat, terwyl die Algemene Jaarvergadering in persoon gehou sal word, mag aandeelhouers (en/of hul gevolmagtigdes) deur elektroniese kommunikasie, soos beoog in subartikel 63(2) van die Maatskappywet, aan die Algemene Jaarvergadering deelneem (maar nie stem nie). Aandeelhouers en/of hul gevolmagtigdes sal op eie koste deur middel van 'n telekonferensie fasiliteit aan die betrokke vergadering(s) kan deelneem.

Aandeelhouers of hul behoorlik aangestelde gevolmagtigdes wat by wyse van elektroniese kommunikasie wil deelneem, moet, nie later nie as, **14:00 op Vrydag, 15 November 2024** by die Maatskappysekretaris by jo.oosthuizen@bkb.co.za aansoek doen.

Aandeelhouers mag nie deur middel van elektroniese kommunikasie in die Algemene Jaarvergadering stem nie, maar kan op die CTSE Register Stempotaal stem (soos hierbo) of moet die bygaande volmagvorm vir hierdie doel gebruik indien hulle nie die Algemene Jaarvergadering kan bywoon om persoonlik daarop te stem nie.

Die Maatskappy sal die koste dra om die elektroniese kommunikasie op te stel, terwyl die koste van die aandeelhouer se inskakeling vir sy/haar eie rekening sal wees.

OP LAS VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE VAN BKB



Me. J Oosthuizen
Maatskappysekretaris

Gqeberha
22 Oktober 2024

AANTEKENINGE



BKB BEPERK
(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 1998/012435/06)
Deel kode: 4ABKB
ISIN: ZAE40000069
("BKB" of "die Maatskappy")

VOLMAGVORM

VIR GEBRUIK DEUR AANDEELHOUERS WAT NIE DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE MAATSKAPPY KAN BYWOON NIE, MAAR DAAR VERTEENWOORDIG WIL WEES

Waar toepaslik en van toepassing, dra die bepalings omskryf in die kennisgewing van Algemene Jaarvergadering waaraan hierdie volmagvorm geheg is, dieselfde betekenis in hierdie volmagvorm.

Vir gebruik deur aandeelhouers van die Maatskappy, geregistreer as sodanig by die sluiting van besigheid op **Vrydag, 15 November 2024**, synde die stemrekorddatum ("Stemrekorddatum"), op die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy wat op **Dinsdag, 19 November 2024**, om **14:00** gehou sal word (hierna "Algemene Jaarvergadering" of "AJV" genoem) of enige uitstel van hierdie vergadering.

Ek/Ons (VOLLE NAAM IN BLOKLETTERS) _____

van (ADRES) _____

_____ met lidnummer/ID nummer: _____

E-pos adres _____ Tel nr. _____

synde die houers van _____ gewone aandele in die Maatskappy, stel hiermee aan (sien Nota 2):

1. _____ of, by ontstentenis van hom/haar,

2. _____ of, by ontstentenis van hom/haar,

3. die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering,

as my/ons gevolmagtigde om vir my/ons en namens my/ons by te woon, te praat en te stem by die Algemene Jaarvergadering en/of by enige uitstel of verdagting daarvan, met die doel om die besluite wat op die Algemene Jaarvergadering voorgestel moet word, te oorweeg en, indien dit geskik geag word, met of sonder wysiging, te aanvaar en te stem oor die besluite ten opsigte van die gewone aandele wat in my/ons naam(e) geregistreer is, op die volgende wyse (sien Nota 2):

Gewone besluite	Voeg 'n "X" of die aantal stemme wat uitgeoefen kan word in (een stem per aandeel)		
	Ten gunste van	Teen	Buite Stemming
1. Heraanstelling van eksterne ouditeur			
2. Heraanstelling van lid van die audit- en risikokomitee van die Maatskappy – Mnr. E A Meyer			
3. Heraanstelling van lid van die audit- en risikokomitee van die Maatskappy – Mnr. H C Staple			
4. Heraanstelling van lid van die audit- en risikokomitee van die Maatskappy – Mnr. J G Louw			
5. Heraanstelling van lid van die audit- en risikokomitee van die Maatskappy – Mnr. J F Janse van Rensburg			
6. Aftrede en herverkiesing van direkteur – Mnr. H C Staple			
7. Aftrede en herverkiesing van direkteur – Mnr. C D Hobson			
8. Verkiesing van direkteur – Me. T H Mthembu			
9. Algemene magtiging om aandele uit te reik			
10. Kwytstelling van die vereiste dat die tussentydse finansiële inligting van die Maatskappy deur die Maatskappy se eksterne ouditeur nagegaan moet word			
Spesiale besluite			
1. Goedkeuring van nie-uitvoerende direkteure se vergoeding – 2024/2025			
2. Finansiële bystand vir die intekening en/of aankoop van aandele in die Maatskappy of 'n verwante of interverwante maatskappy			
3. Algemene magtiging om finansiële hulp te verleen aan verwante en onderling verwante maatskappye en korporasies			
4. Aandeel terugkoop deur BKB en sy filiale			

Tensy anders opdrag gegee, kan my/ons gevolmagtigde stem of onthou om te stem soos hy/sy goeëndink.

Onderteken hierdie _____ dag van _____ 2024

Handtekening van aandeelhouer/s _____

Bygestaan deur my (waar van toepassing) _____

Aantekeninge

1. 'n Aandeelhouer wat geregtig is om die Algemene Jaarvergadering by te woon en te stem, is geregtig om een of meer gevolmagtigdes aan te stel om in sy/haar plek by te woon, te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.
2. Elke aandeelhouer wat persoonlik of per gevolmagtigde teenwoordig is en geregtig is om op die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy te stem, sal op 'n stemming per stembrief geregtig wees op daardie deel van die totale stemme in die Maatskappy wat die totale bedrag van die nominale waarde van die aandele wat deur hom/haar gehou word, dra tot die totale bedrag van die nominale waarde van al die aandele wat deur die Maatskappy uitgereik is.

Instruksies oor die ondertekening en indiening van die vorm van volmag

1. Hierdie volmagvorm moet slegs voltooi word deur die aandeelhouers wat nie die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy kan bywoon nie en 'n ander persoon wil aanstel om hulle op die Algemene Jaarvergadering te verteenwoordig.
2. 'n Aandeelhouer kan die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die aandeelhouer se keuse in die spasie/s wat verskaf word, invoeg, met of sonder om "*die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering*" te skrap, maar enige sodanige skraping moet deur die aandeelhouer parafeer word. Indien hierdie spasie/s leeg gelaat word, sal die gevolmagtigde deur die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering uitgeoefen word.
3. Die persoon wie se naam eerste op die gevolmagtigde vorm verskyn en wat by die Algemene Jaarvergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree met uitsluiting van diegene wie se name volg.
4. 'n Aandeelhouer se steminstruksies aan die gevolmagtigde moet aangedui word deur die invoeging van 'n "X", of die aantal stemme wat daardie aandeelhouer wil uitoefen, in die toepaslike ruimtes wat verskaf word. Versuim om dit te doen, sal geag word om die gevolmagtigde te magtig om te stem of om hom/haar daarvan te weerhou om op die Algemene Jaarvergadering te stem soos hy/sy goeddink ten opsigte van al die aandeelhouer se uitoefenbare stemme. 'n Aandeelhouer of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al die stemme wat deur hom/haar of deur sy/haar gevolmagtigde uitgeoefen kan word, te gebruik nie, maar die totale aantal stemme wat uitgebring is, of dié ten opsigte waarvan onthouding aangeteken word, mag nie die totale aantal stemme wat deur die aandeelhouer of deur sy/haar gevolmagtigde uitgeoefen kan word, oorskry nie.
5. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die betrokke dokumente wat sy/haar regsbevoegdheid bepaal, deur die oordragsekretarisse verskaf of geregistreer is.
6. Om geldig te wees, moet die voltooië volmagvorms by die oordragsekretarisse van die Maatskappy ingedien word, synde CTSE Register Eiendoms Beperk, deur dit per e-pos aan admin@ctseregistry.co.za te stuur, of dit te pos aan die Oordragsekretaris by Postnet Suite 5, Privaatsak X4, Woodstock, 7915, om teen nie later nie as **14:00 op Vrydag, 15 November 2024** deur hulle ontvang te word (slegs vir administratiewe doeleindes) of 48 uur voor die aanvang of hervatting van die AJV indien dit uitgestel of verdaag word. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm sal nie die betrokke aandeelhouer verhinder om die Algemene Jaarvergadering by te woon en persoonlik daarop te praat en te stem tot uitsluiting van enige gevolmagtigde wat ingevolge hiervan aangestel is, indien sodanige aandeelhouer dit wil doen nie.
7. Die aanstelling van 'n gevolmagtigde ingevolge hierdie volmagvorm is ingevolge die bepalings van artikel 58(4)(c) saamgelees met artikel 58(5) van die Maatskappywet, herroepbaar en gevolglik kan 'n aandeelhouer die gevolmagtigde aanstelling herroep deur
 - i. skriftelik te kanselleer, of 'n latere aanstelling van 'n alternatiewe gevolmagtigde te maak; en
 - ii. 'n Afskrif van die herroepingsinstrument aan die gevolmagtigde en aan die Maatskappy te lewer.

Die herroeping van 'n gevolmagtigde aanstelling is 'n volledige en finale kansellering van die gevolmagtigde se bevoegdheid om namens die aandeelhouer op te tree soos op die latere datum vermeld in die herroepingsinstrument, indien enige, of die datum waarop die herroepingsinstrument op die vereiste wyse afgelewer is.
8. 'n Gevolmagtigde aanstelling sal geldig bly tot aan die einde van die Algemene Jaarvergadering (of enige uitstel of verdaging daarvan).
9. 'n Gevolmagtigde mag nie sy gesag ingevolge hierdie gevolmagtigde aan enige ander persoon delegeer nie.
10. Die voltooiing van enige leë spasies hoef nie parafeer te word nie. Enige veranderings of regstellings aan hierdie vorm van volmag moet deur die ondertekenaar/s parafeer word.
11. Die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering mag enige volmagvorm aanvaar wat voltooi word anders as in ooreenstemming met hierdie instruksies, mits hy tevrede is met die wyse waarop 'n aandeelhouer wil stem.

